

Verkiesing om 'n herder en leraar te beroep

Die gemeente staan voor 'n belangrike en verantwoordelike taak: die beroeping van 'n herder en leraar. Dit is nie bloot 'n administratiewe besluit of 'n keuse tussen twee mense nie. Dit is 'n saak waarin ons as gemeente saam voor die Here staan en vra: *Wie wil die Here aan hierdie gemeente gee?*

Die Kerkorde van die GKSA gee in artikels 4 en 5 die raamwerk waarbinne die beroeping van 'n bedienaar van die Woord moet plaasvind. Die doel van hierdie orde is om die gemeente te help om die saak verantwoordelik, ordelik en in afhanklikheid van die Here te hanteer.

Die verkiesing van 'n tweetal behoort daarom met groot erns en gebed te geskied. Ons kies nie bloot volgens persoonlike voorkeur, bekendheid of menslike oordeel nie. Ons moet vra na iemand wat getrou aan die Woord van God is, wat die Gereformeerde belydenis onderskryf en wat die gemeente as herder en leraar kan dien.

In Handeling 1:23–26 lees ons hoe die apostels, nadat twee persone voorgestel is, gebed het: *“U, Here, wat die harte van almal ken, wys uit hierdie twee aan wie U verkies het.”* Daarna is die lot gewerp en Mattias is aangewys.

Hierdie gebeure herinner ons daaraan dat die kerk uiteindelik nie op sy eie wysheid en voorkeur moet vertrou nie. Die Here is die Een wat sy kerk regeer. Die loting was nie 'n toevallige spel nie, maar 'n daad van geloof en vertroue in God se voorsienigheid. Wanneer ons daarom die tweetal oorweeg, laat ons dit met gebed en nederigheid doen.

Die vraag is nie bloot: *“Wie verkies ek?”* nie, maar eerder: *“Here, wie wil U aan ons gee?”*

Mag die Here ons as gemeente lei om met wysheid en geloof op te tree. En wanneer die besluit geneem is, mag ons dit in vertroue aanvaar as deel van die Here se regering van sy kerk.

Laat ons daarom saam bid dat die Here self die weg sal wys en aan ons 'n herder en leraar sal gee wat Christus getrou verkondig, die kudde met liefde versorg en die gemeente opbou in die geloof.

Ds. Maarten

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00



Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**

Kantoorure: **Ma-Do 08:15 - 13:00**

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton

Inhandiging van Kommunikatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad gkcenturion.co.za of ons internetskakel stroom.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

KATKISASIE: Vandag: Les 21, Ps 65-1:1 Volgende week: Les 22, Ps 65-1:1

KLEUTERKLAS: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
(Janneke Wessels – 071 898 5900)

Dienspersoneel

Datum	Wyk	Ouderling	Afkondigings	Diaken	Klank	Projektor	Video Uitsending
11-Oct	B08	Koos Pretorius	Thys Reynecke	Kobus Joubert	Ronell Hoogenboezem	Johan Hoogenboezem	Carina vd Dussen
18-Oct	B09	Cassie vd Walt	Fred Reynecke	Louise van Niekerk	Louise van Niekerk	Adrian VNiekerk	Luan van Niekerk

KOLLEKTES

Vandag: **Barmhartigheid** (tydens erediens)



Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Instituut vir Christelike Onderwys** (by die deure)



Volgende week: **Bybelverspreiding**

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk
Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk
Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

Verjaarsdae

Belydende lidmate

11 Okt.	Chanté	Nell	C11	0826549907
	Tanya	vd Bijl	C04	0732144780
12 Okt.	Magda	Erwee	C01	0824678376
	Gerhard	van Biljon	E02	0724627028
13 Okt.	Helena	du Plessis	C06	0797511957
	Elza	Grobler	C07	0829628494
	Zillah	Johl	B16	0832991013
	Helene	Kruger	B15	0824483406
14 Okt.	Andries	Alberts	B07	0768510079
	Simóne	du Plessis	C03	0820987361
	Nadia	Nel	B01	0828800797
	Nelia	Prinsloo	A02	6644368
	Michiel	van Rooy	C04	0825580373
	Andrea	Zaayman	C10	0729906432
15 Okt.	Bertie	Stavast	C09	0827855475
16 Okt.	Ingemari	Briel	B02	0736180652
17 Okt.	Marieta	Fourie	B07	0827767151

Dooplidmate

11 Okt.	Hesti	vd Walt	B03	0845499831
12 Okt.	Lana	van Zyl	B05	0825795853
14 Okt.	Gideon	Cronje	C05	0763079223
	Leah	Maree	B14	0824412799
16 Okt.	Ian	Gerber	C14	0827227097



Alethea Outreach 11:00

Like us on facebook:

[https://www.facebook.com/](https://www.facebook.com/aletheaministry/)

aletheaministry/

Ons gee om vir Mekaar

“...God ontferm Hom oor ons.” Ps. 116:5

- Elna Marx sterk aan in Midstream hospitaal (C12 – 0833208781).
- Ettie vd Berg sterk aan in Midstream hospitaal na 'n val (B11 – 0723718245).
- Cornelia Goosen sterk aan na 'n nieroperasie (A9 – 0721327694).
- Dit gaan nie goed met Ellie Klöckner se gesondheid nie (E1 – 0829287802).
- Bets Fourie sukkel met haar gesondheid (E1 – 0837271723).
- Jonathan van Biljon het 'n draai in die hospitaal gemaak (A16 – 0729223393).
- Baba Sias Pieters het 'n draai in die hospitaal gemaak (A10 – 0780731659).

Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Wyse Gryses

DV Maandag 12 Oktober 2026

om 10:00 in die kerksaal

Ons wil graag 'n stokperdjie-uitstalling hou!

Baie van ons Wyse Gryses beoefen een of ander interessante stokperdjie en kan dit vir ons kom wys en sommer daaroor saam gesels!

Ons wil ook graag 'n paar bordspeletjies speel, dus bring gerus 'n speletjie saam wat vir julle pret gee!

Almal is hartlik welkom!!

Bernina @ Saxby—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabriek naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

Huiskontrakteur – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

Verkoop u, u huis? Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Bouplanne - Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitek werk wat u benodig. Nuwe geboue, aanbouings en “soos-gebou-planne” insluitend Stadsraad goedkeuringe.

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

11 Okt.

Bieuwkje Pretorius A12;
Erna Le Riche A10;
Riëtha Maritz A13;
Corlia van Biljon A16



18 Okt.

Elize Pretorius A7, A18;
Jeske vd Walt A15;
Hanneke Swanepoel A17

 **Dopper Connect:** 'n Groep vir Dopper Enkellopendes (**30+ jaar**) Kuier & Braai! 

Hoofsaaklik in die Pretoria omgewing. Geen kettingboodskappe of advertensies nie. Plaas jou foto, naam & van en van watter gemeente jy is sodat ons kan begin kennis maak!



<https://chat.whatsapp.com/EkfQmVzMLuI9C06QviQ2X6>

MONUMENTSIG AFTREE-OORD EENHEID BESKIKBAAR!



Die Oord behoort aan GK Centurion, geleë te Basdenlaan 226, Centurion, reg agter Unitas Hospitaal en langs die Kerkgebou. U koop okkupasierereg in 'n aftree-oord. In totaal bestaan die Oord uit slegs 26 huisies met pragtige tuine en lae heffings. Daar is geen versorgingsfasiliteite nie — Bepalings geld vir 80-plussers.

Die eenheid wat beskikbaar is, bestaan uit :

1 slaapkamer, 1 badkamer, kombuis, eet/sitkamer, toesluit motorhuis (nie aan huis) met 'n tuin. Die prys is R545 000. Die bestuur sal die verskillende aansoeke oorweeg. Die eenheid is beskikbaar vir okkupasie ongeveer 1 Des 2026. Die eenheid is 75vk meter en die heffing beloop tans R953. Die vaste munisipale kostes beloop tans R425. Al wat dan nog bykom is die elektrisiteitsverbruik. Aansoekvorms is by die ondergenoemde persone beskikbaar. Aansoeke word deur die bestuur van die Oord oorweeg.

Wanneer u, u reg in die toekoms weer wil verkoop, is die volle bedrag wat u betaal het, onderhewig aan sekere voorwaardes, weer aan u betaalbaar.

Gerrit Beumer 082 572 5235/ Rina Venter 071 403 4143 (Op terrein)

Aansoeke sluit 26 Oktober 2026



Wanneer: 17 Oktober 2026
Tyd: 08:00 tot 14:00 Of later

1. Ons benodig nog baie **helpende hande en donasies**, asseblief: (Steek asseblief jou hand gretig op, net soos jy die eerste dag op skool gedoen het.... 😊)

WAT	ORGANISEERDER	KONTAKNR	HULP MET	DONASIES
Geroekte vark	Hein Venter	0833576141	Bied aan	Reeds geskenk
Pannekoek	Magda vd Schyff	0795110196	Bakkers, strooiers, rollers en verkopers.	Koekmeel, eiers, suiker, kaneel, sout, bakpoeier en leë 2 liter melk-/sapbottels
Kerrie-en-rys	Erna le Riche	0823322118	Opdieners en verkopers	Rou topside maalvleis, wit rys, blattang, klapper, gemengde groente, aartappels
Poeding	Susan vd Walt	0824672426	Jelliesetters, opdieners en verkopers	Pakkies jellie, vla, leë roomysbakke, vars room, eiers, suiker, 'vanilla extract'.
Koeldrank	Henk Zweers	0739434647	Verkopers	
Koektafel	Ina Wiegand	0828874046	Skenkers en verkopers	Koeke en terte uit jou kombuis
Speletjies vir almal	Zillah Johl	0832991013	Beurtverkopers en toesighouers	
Vendusie	Jan Nel	0823795935	Net Jan	Goeie items om op te veil, soos daardie 100-jaar oue bottel whiskey in jou kabinet.....
Koffietuin	Toekie Meyer	0721930625	"Woman's Touch"	
Ontbytbroodjies	Pieter vd Dussen	0824167188	Net Pieter	Eiers, kaas, spek, uie en hamburger buns
Pap en Kaiings	Erna le Riche	0823322118	Opdien en verkoop	Klaar gemaak
Stalletjies	Tjaart vd Walt	0828242933	Bemarking	
Wit Olifant	Ds Maarten	0721431855	Prysbedingers	Goeie goed wat rondlê
Worsbroodjies	Johan Wiegand	0824986314	Braaiers	Reeds voorsien

Dankie vir die donasies wat ons reeds ontvang het.

Kyk asb uit vir ander beriggies wat die organiseerders in die Kommunikatjie plaas.

2. **Speletjies** : Die volgende artikels word benodig vir die speletjies: Kontak vir Maryke Maré op 0792587040.

Hoepels	Pool Noodles	Gekleurde bordkryt	Plastiese Cones	Gian Jenga	Tou vir toutrek	Gesigverf
---------	--------------	--------------------	-----------------	------------	-----------------	-----------

3. **Bied jou hulp aan**: Kom sit jou naam op die lys onder die Olyfboom vanoggend net ná die erediens.

4. **Vendusie:** Hier is 'n voorsmakie van items wat onder andere opgeveil gaan word. Daar kan dalk nog 'n haas uit die hoed geruk word.....

		
24kt stel	Silver stel	3200PSI Drukspuit
		
Kragopwekker	Lekker potjies	2004 Rooiberg Muskadel
		
1974 Groottrek herdenkings Muskadel	2011 Kanonkop Kadette 1.5liter	1979 Nederburg Cab-Sav

5. Speletjies en Boeresport:

Boeresports en ander pret Vermaak vir die hele gesin (2-80)  GK Centurion Basaar Sat 17 Oktober 2026 10:30	 BORDKRYT-KUNS-KOMPETISIE Tema: Uit Hom (is alles geskape) GK Centurion Basaar Sat 17 Oktober 2026 09:00-12:00 Teken alleen of in 'n span Pryse in elke ouderdomsgroep (3-6, 7-9, 10-13, 14-18, familie/ diensgroeptanne) 	Skryf in vir Boeresports en Bordkryt-kuns-kompetisie 
Lekker pret	Kuns	Skryf verkieslik in of daag net op

6. Voorlopige program:

<u>Datum</u>	<u>Tyd</u>	<u>Aktiwiteit</u>
16 Oktober	10:00 – 16:00	Hardwerkendes kry die terrein gereed
16 Oktober	16:00 – 20:00	Uitstallers kom maak hul uitstalruimtes gereed
17 Oktober	08:00 08:15 – laat 08:00 – 12:00 09:00 - laat 12:15 – 12:25 12:30 – 13:00 13:00 - laat	Opening Eet, kuier, geniet jouself en ondersteun Oom Ollie Bordkrytkuns kompetisie en boeresport Boogskiet Bordkrytkuns-, boeresport- en boogskietwenners word aangekondig Vendusie Kuier voort

U moet maar na die aankondigings luister – niks is in yster gegiet nie.

Ons sien daarna uit om heerlik in Koinonia saam te kuier, na lekker musiek te luister, ons aan al die lekkernye oor te gee, die uitstallers te ondersteun, die dag te geniet en 'n paar rand in te samel vir die instandhoudingstake van die Geboue- en Terreinkommissie.

By voorbaat dankie vir u teenwoordigheid en ondersteuning. Projekspan

Kuier Kuns by die Kerk

GK Centurion basaar

17 Okt

8:00 - 14:00

R70
PER WERKSWINKEL
ETAAL ET BASAAR

KOM WOON 'N WERKSWINKEL BY EN LEER VAN VERSKEIE KUNSTE



8:00 - 8:45
DECOUPAGE 'N
HOUT
KERSHOUER



9:00 - 9:45
WEEF OP 'N
BLOMRAAM



10:00 - 10:45
DIE KUNS VAN
SUURDEEGBAK



11:00 - 11:45
MAAK JOU EIE
BLOMRUIKER



12:00 - 12:45
VERSIER 'N SAK
MET
BLOKDruk



13:00 - 13:45
MAAK 'N
NATUURJOERNAAL

DAAR IS SLEGS 8 PLEKKE PER WERKSWINKEL BESKIKBAAR SO...

BESPREEK JOU PLEK NOU!

BESPREEK HIER:



VIR MEER INLIGTING:
LIZETTE REINECKE
(083 447 5822)

Basaarpret

vir die hele gesin!

Saterdag 17 Oktober 2026

GK Centurion

Bordkryt-kuns-kompetisie (09:00–11:30)

Tema: Uit Hom (is alles geskape)
Teken alleen of in 'n span. Daar is pryse in elke ouderdomsgroep!

Boeresport (10:00–11:30)

Aartappel op lepel, sakresies, driebeenresies en toutrek, vir almal van 2 tot 80.

Daar sal ook 'n springkasteel, volleybal, reuse-Jenga en gesiggieverf vir die kleintjies wees

Basaarveiling

Geenkings

Het jy dalk iets besonder wat jy kan skenk?

- Vakansies of naweekwegbreke
- Jaggeleenthede
- Spa-behandelings
- Eet- en kuierervarings
- Sport- en ontspanningsgeleenthede
- Enige ander interessante of unieke items

Jou skenking kan 'n groot verskil maak!
Kom help ons om van die kerkbasaar se veiling 'n groot sukses te maak.

Kontak Jan Nel via WhatsApp:
082 379 5935

Voorspel inligting

Psalm 141 Oggenddiens

Psalm 141 is 'n kragtige gebed vir beskerming teen die sonde en die bose. Die digter vra dat sy gebed soos reukwerk voor God sal opstyg. Dit herinner ons om ons tonge te bewaar en ons harte te beskerm teen versoekings, terwyl ons ons oë altyd op die Here gerig hou.

Psalm 41 Aanddiens

Psalm 41 herinner ons dat God diegene seën wat na die swakkes omsien. Te midde van siekte, valse vyande en die diep pyn van verraad deur 'n boesemvriend, roep die digter na God vir genade en genesing. Dit verseker ons dat die Here getrou ondersteun, beskerm en oprig.

Liturgiese Riglyne

SONDAG OGGEND 09:00

Jesus op die stembrief!

Skriflesing:

Matteus 26:47-56;
27:11-31
Josua 24
Psalm 27:10
(1983)

Teksvers:

Matteus 27:17

Sing:

Sb 5-3:1,2,5
Ps 40:4
Sb 5-4:1,2,5,6
Ps 118:11,12,13
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Barábbas is 'n figuur waarvan ons eintlik omtrent niks weet nie en tog speel hy 'n belangrike rol in die diepe lyde van Jesus Christus.

Net soos by Josua 24 word die volk voor 'n keuse gestel en die naam 'Jesus' kom letterlik tweemaal op dieselfde stembrief!

Ons daaglikse lewe en al ons doen en late draai meesal rondom keuses. Ons maak goeie én slegte keuses. Mag die Here met sy Gees ons in elke besluit lei, sodat ons hele lewe Hom alleen kan verheerlik.

"Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid"

SONDAGAAND 18:00

Wees Voorstanders van Goeie Werke

Skriflesing:

Titus 2:11-3:11
(2020)

Teksvers:

Titus 3:8

HK: Sondag 32

Sing:

Ps 92:2,3
Ps 75:1,4
Ps 90:2,9
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Goeie werke het ewigheidswaarde. Nie omdat ons deur goeie werke gered word nie, maar ook nie dat ons daarsonder gered word nie.

Jakobus getuig immers dat geloof sigbaar word in die werke van die mens. As jy iemand se geloof wil sien, sal dit sigbaar word in die werke wat daardie persoon doen.

So getuig die apostel Paulus ook teenoor Titus, dat Christus 'n volk vir Homself verkry wat ywerig is in goeie werke. Daartoe moet alle gelowiges bereid wees tot goeie werke, en sorg dra om goeie werke voor te staan, dit is immers wat goed en nuttig is vir die mense.